


**SURVIVOR SA: WAT JY
NIE OP TV GESIEN HET**
**STERRE: ONS DOG
ONS STERF IN
TROPIESE STORM**



**HG SOEK
GELUKKIGE 11 OM
SPELERS TE BEGELEI**
**Kinders, stap op
veld met jou
2010-held!**

**DIE EINDE VAN BRANGELINA: SY SÊ HY'S 'N
SUIPLAP, HY SÊ SY'T 'N KOPDOKTER NODIG**

5 JAAR, 6 KINDERS & R2,5 BILJOEN LATER DIS VERBY!

EKSKLUSIEF



**ONS KUIER BY
KRIEKET SE
SEXY DUMINY
JP & SY
BLONDE BOM
IN HUL BLINK
BLYPLEK**

**VERSEKERINGSEIS VAN
R13M.: VERKEERDE LYK
IN MOTORWRAK**

**Dogter pleit: Mamma,
sê as jy nog lewe**

**LYDING, HARTSEER
SAL ONS EWIG BYBLY**

**SA redders:
Die hel in
Haïti**

AVATAR SE 'BLOU' HELD: VAN MESSELAAR TOT MEGA-STER



**BOEK
-BONUS**

Laaste dae van klein ELENA

Die aangrypende dagboek van twee ouers oor hul dogtertjie se stryd teen breinkanker is saamgevat in 'n boek vol roerende herinneringe – veral die briefies wat Elena agtergelaat het sodat haar ouers dit kon vind

HOOPFOTO: Elena Desserich was 'n mooi, lewenslustige dogtertjie voor sy kanker gekry het.
REGS BO: Gelukkiger dae. Die hele gesin voor haar siekte. Ma Brooke en pa Keith by Elena en haar jonger sussie, Gracie.
REGS ONDER: 'n Paar van die briefies wat Elena tuis weggesteek het en wat ná haar dood eers gevind is.


ELENA Desserich was vyf toe brein-kanker by haar gediagnoseer is. Sy het toe honderde briefies in die huis begin wegsteek – in sokkielaai, rugsakke en tussen die boeke op die rakke ingedruk – sodat haar ouers, Brooke en Keith, dit ná haar dood sou kry. In *Notes Left Behind* deel haar ouers die dagboekinskrywings wat hulle tydens haar kankerstryd gemaak het, en ook die inhoud van Elena se briefies. Hier is 'n uittreksel:

**Uit deel 1: Die begin
Dag 1: 29 November**

Dit begin vroeg. Omdat haar binne-aarse behandeling vir sewe uur die oggend geskeduleer is, mag sy eenuur die oggend vir die laaste keer eet. Daarom maak ek haar om middernag wakker vir 'n ontbyt/aandete van jogurt. Maar die verpleegster het vergeet om jogurt te bestel en ons kry pleks daarvan 'n ete van nagereg en appelsous. Van eenuur tot dagbreek praat ons oor Alice in Wonderland, die TV-afstandbeheer wat sy pas ontdek het en alles wat sy nog altyd wou doen. En al kan ek weens die gewas nie altyd haar woorde verstaan nie, verstaan ek gewoonlik haar tekeninge.

Eers teken sy 'n sirkel met kronkelende lyne – sy wil daarheen gaan. Al probleem is dat ek nie weet wat sy vir my sê nie. Ná 'n paar probeerslae en oorgenoeg frustrasie by haar, snap ek sy praat van die "klein restaurant", 'n eetplek naby ons huis. Haar gesig helder op toe sy vir my sê sy wil spaghetti-en-kaas hê. Dis 'n merkwaardig eenvoudige versoek en ons voeg dit by die lys.

Die volgende een is 'n bietjie moeiliker: die Eiffel-toring. Ek sal nooit weet hoe sy daarmee vorendag gekom het nie. Maar niere-min is dit op die lys en moet ons dit gedoen kry. Daarna kom die "straat van rokke" – ek herken dit dadelik as 'n trouerokdistrik in ons stad, maar ek hou my dom. Ek het die afgelope vyf jaar doelbewus op pad huis toe daarlangs gery en dan vir die meisies gesê hulle moet hul rok kies. Nou vra sy my om haar na dieselfde win-



'G'n kans, g'n hoop, maar daar lê nog maande voor'

kels te neem waarheen ek my altyd voorgestel het ons sal gaan wanneer sy verloof is. Nou bevestigte ek dit of sy so lank sal leef. Tog word dit steeds by die lys gevoeg.

Deur die nag bly ons gesels. Sy wil praat en ek wil luister. Slaap is nie meer so belangrik soos drie dae gelede nie. Ek kyk na haar gesig in die skynsel van die hartmonitor se ligte en wonder of ek elke detail sal kan onthou: die sagtheid van haar wange, die dansende gloed van haar oë, die onskuld van haar gedagtes. Maar is dit alles 'n nagmerrie? Sal ek môre wakker word en die gewas skielik weg wees? Dalk is dit net 'n lewensles en sal die gewas teen môre wonderbaarlik verdwyn het. Ek kan maar net hoop.

Die dokters het ons vanaand huis toe gestuur om te gaan rus. Maar nadat hulle vir ons gesê het ons dogter het net 135 dae oor om te leef, is slaap nie meer deel van ons planne nie. Ons glimlag steeds, vee tranes uit ons oë en probeer voorgee alles is piekfyn. Maar Elena het die beste voorstel. Voor ons vertrek, wil sy Kersfees vier. Ons maak tyd om versigtig haar kosbare Jesus- en engeltjie-versierings uit te haal en aan die boom te hang wat haar ouma en oupa minute tevore inderhaas staangemaak het. Dis ironies, want voorheen het ek altyd daarop aangedring dat ons die boom

nie voor 15 Desember opsit nie. Maar vanjaar kan ons dit nie gou genoeg doen nie. Voor slaaptid lees Brooke 'n storie vir die meisies. Dis die dikste boek wat ons kon kry.

Dag 2: 30 November

Die reis Memphis toe is lank. Elena is daar in 'n program aanvaar wat eksperimentele breinstambehandeling bied. Ons bespreek plek op die eerste vlug daarheen. Elena is steeds gesteld daarop om mooi te lyk. Om te keer dat sy siek word, tref ons al die nodige voorsorgmaatreëls, van lugsuiwering en huisskoonmaak tot griepinspuitings vir die hele gesin. Laastens kry ons stofmaskers by die hospitaal wat Elena op die vliegtuig kan dra. Sy wil niks daarvan weet nie. Natuurlik geniet sy dit om soos 'n koningin op 'n troon in 'n rolstoel rondgestoot te word, maar om 'n stofmasker te dra is te veel gevra. Wat sal die ander passasiers sê? Ná baie moeipraat dra ons op die ou end albei maskers. Sy sê ek lyk verspot.

Lughawe-klaring is nog 'n kwessie. Met Elena en al haar medisyne duur dit 'n volle uur voordat die sekerheidsmanse ons

deurlaat. Dit kos nog 'n uur om Ma uit al die geskenkwinkels te kry. Wat Elena ook al wil hê, kry sy. Ma gee toe en koop vir haar 'n Beanie Baby en roomys.

Twee uur later is ons in Memphis. Daar word ons aan die nuwe hospitaal en behandelingsprogram bekendgestel. Anders as met ons vorige gesprekke is die pas vinnig, want Elena kry al die aandag wat sy nodig het om teen die siekte te veg. Voor die aand om is, het ons vier doktersafsprake van langer as 'n uur elk ingepas en twee X-strale, oriëntasie en 'n nuwe blyplek gekry. Sy is doodmoeg, en ons ook. Ons sluit die aand af deur in die hotelkamer die beterskapkaartjies te lees wat haar klasmaats in die kindertuin vir haar gemaak het. Sy klou nog die kaartjies vas toe sy onder die lakens inklim. Ek probeer dink hoe ek dit by haar kan afneem voor sy aan die slaap raak. Sover gaan alles goed. In die eerste twee dae van ons orige tyd het ons al die regte mense ontmoet. Ons het selfs twee van Elena se wense bewaarheid – om die Kersboom te versier en lughawe toe te gaan.

Dag 3: 1 Desember

Ons sien vir die eerste keer 'n foto van die gewas. Nie net is dit groot nie, maar boonop in

(Blaai om)



LAASTE DAE VAN KLEIN ELENA

(Van vorige bladsy)

die wande van Elena se breinstam verstrengel. Die prognose is nie goed nie. Eers is vir ons gesê ons het drie tot ses maande. Die skrale troos is dat die dokters nou sê moontlik sewe maande tot langer as 'n jaar. Dis steeds nie genoeg tyd dat ek my baba se bestuurslesse, eerste afspraak met 'n seun, haar troue en die geboorte van haar kinders kan beleef nie. Die bakens wat ons die langste in die lewe onthou, is uit haar hande geruk. Daar is geen kans, geen hoop nie. Maar daar lê nog maande voor en op die oomblik is enigiets beter as wat eers vir ons gesê is.

Elena raak nou baie moeg en het 'n vrees ontwikkel vir enigiemand met blou handskoene. Dit is immers sulke hande wat die afgelope week aan haar gedruk en geprik het. Ek dink dis oor die inspuittings dat sy nou vir die handskoene bang is. Ek oorweeg dit om vir die dokters in haar vleuel 'n pak deursigtige handskoene te koop om haar vrees te laat bedaar.

Sy het ook begin luister en vrae vra. Ek het nog altyd geweet Elena luister na ons gesprekke, maar nou het sy woorde soos "binnearse uitspoeling", "MRB" en "CT-skandering" by haar woordeskat gevoeg. Ek het altyd geweet sy sal alles hieroor leer as sy sou besluit om dokter te word, maar ek

het nooit gedink sy sal dié onderrig as pasiënt kry nie. Maar nou luister sy aandagtig terwyl ek die waarheid probeer verdoes oor dit wat wag.

Ons het vroeër van-aand besluit om haar saam met haar neefs en niggies, wat uit



Alabama gery het om te kom kuier, op 'n aandete van haar keuse te trakteer. Dit was toe 'n goeie idee, maar teen die tyd dat haar doktersafsprake om seweur verby is, is dit al 'n bietjie laat. Al geniet Elena die ballonhoed wat ons vir haar gemaak het, raak sy aan die begin van die ete al op haar tante se skouer aan die slaap. Daarna raak sy al moeër en op die ou end moet ons haar uit die restaurant dra om te keer dat sy oor haar eie voete val. Ek weet sy het geselskap nodig, maar nou het sy ook rus nodig. Sy het 'n woeste week agter die rug en dis nog net die begin.

Dag 4: 2 Desember

Vandag is 'n goeie dag. Dis Saterdag en ons hoef nie hospitaal toe te gaan nie. Al wat ons moet doen, is om Elena te laat glimlag. Sy is vanoggend moeg, maar ook baie lus vir wafels. Om sesuur het sy uit haar oopooog-slaap wakker geword waarin sy gedurig haar tande kners en van toe af wil sy net wafels met botter hê. Eers kan ons haar weens haar beperkte spraak nie verstaan nie, maar gelukkig kan sy "WFL" spel om haar wens oor te dra. Sy vra wafels met geklopte room, sjokoladebrokkies en kersies. En buite die kersies eet sy alles op. Dit moet die steroïede wees wat werk.

Elena het nou vir die eerste keer gevoel in haar dye verloor. Haar regterbeen is mank. Sy het

geen slukrefleks nie en beperkte gebruik van haar regterarm. Sy het ook die randsig in haar linkeroog verloor en van die gevoel in haar bene. Ek weet dit, want in 'n poging om haar te laat glimlag, het ek haar kielierigste deel probeer kielie: haar knieë. As ek voorheen net na haar knieë gemik het, het sy dadelik breed geglimlag. Nou kyk sy my net vies aan. Ek mis dit om my dogtertjie te kielie. Vir 'n pa gaan dit altyd oor meer as net 'n gestoei; dis 'n blyk van liefde. Ek sal haar net op 'n ander manier aan die glimlag moet kry.

Dag 5: 3 Desember

Naas besoeke aan die "klein restaurant" en die Eiffel-toring is 'n perdekarrit haar derde keuse. (Ek dink dis deels omdat ons, toe ons daardie eerste aand Alice in Wonderland vir haar gelees het, by Aspoestertjie en 'n illustrasie van die pampoenoets verbygeblaai het.) Gelukkig het Memphis baie perdekarre. Ons trotseer die wind en kies koers middestad toe om 'n perdekar te haal. Die glimlag kom terug op haar gesig wat die laaste tyd vol ang was weens al die spanning, en ek voel weer soos 'n pa terwyl ons deur die strate ry. In die aangesig van kanker kan ek haar laat glimlag en haar die kinderlewe teruggee wat sy op die punt is om te verloor. En al is dit bitter koud, is Elena se glimlag genoeg om ons almal se hart te

verwarm. Ek hoop dit sal 'n blywende herinnering wees.

Van daar gaan ons na die die-respeelgoedfabriek om haar 'n beer te laat uitkies. Al is dit een van haar versoeke, is dit in die dulle Kersgejaag vir ons albei baie minder bevredigend. Ons bevind ons in 'n winkel ingedruk tussen amper 100 mense wat Kersinkopies doen en meeding om die eerste plek in die gekommersialiseerde resies teen die tyd. En vir die eerste keer is ek jaloers. Ek is jaloers op hul vreugde, hul onkunde, hul haas. Ek wil eerder die een wees wat bloot by die volgende winkel wil uitkom pleks daarvan om elke herinnering te probeer wegluit.

Maar toe besef ek ek en my gesin waardeur werklik die feestyd en alles wat dit beteken. Jy sien, Elena se siekte het ons geleer om die heel laaste sonlig uit elke dag te pers en om ons kinders as meer as net 'n Kerslys te beskou. En al het ek geen begeerte gehad om dié les te leer nie, sal ek nooit weer 'n dag mors nie. Ek dink Elena besef dit ook. Sy wil by die inkopiesentrum wegom en liever gaan roomys koop. Ons doen dit – nadat ons Gracie daar kon wegkry wat reeds haar oog gehad het op 'n ballerina-uitrusting vir haar opgestopte poedel.

Wat beteken dit alles? Ek weet nie en ek dink nie 'n mens hoef 'n les uit elke oomblik te leer nie. Al wat ek weet, is die herinne-





HEEL LINKS ONDER: Elena Desserich voor die kanker sy merk op haar begin laat het. **HEEL LINKS:** Glimlaggend by haar pa in die hospitaal ná een van haar behandelings. **LINKS:** Elena met haar gesiggie opgeswel by Keith toe die kanker al ver gevorderd het. **LINKS ONDER:** Sorgeloos. Saam met haar kleinsus, Gracie, voor haar siekte.



ringe moet hou. Of ons nou na die Eiffel-toring of 'n kruidenierswinkel gaan, albei kan kosbare oomblikke wees as jy die meeste daaruit haal.

Dag 6: 4 Desember

Vandag is Elena se verjaardag – nie regtig nie, maar naby genoeg. Met die bestralings en biopsie aanstaande Woensdag is vandag naby genoeg vir ons en haar oupa en ouma. Ná haar oggend-afsprake gaan ons daarom almal saam middagete eet en daarna terug na haar kamer vir die geskenke. Daar maak sy 'n kitaar van haar tante oop en 'n digitale kamera van Oupa en Ouma. Nou het ons foto's uit haar oogpunt. Net jammer al haar foto's is van die middel ondertoe geneem.

Dag 8: 6 Desember

Gisteraand het ons voor 'n hartverskeurende besluit te staan gekom. Ons het op die ou end besluit dat 'n twee weke lange onderbreking in die behandeling van Elena se gewas 'n te groot waagstuk is. Met haar mond wat nou verlam is en haar onvermoë om te sluk, vrees ons dit sal te lank wees om nog twee weke vir 'n biopsie te wag. Ons hoop as sy nou bestraal word, sal sy baie van

haar normale liggaamsfunksies kan terugkry.

Omtrent halfpad deur die dag kom ek agter Elena raak baie stil. Ek vra haar wat skort en sy sê sy word kwaad omdat almal oor haar en om haar praat en nie met haar nie. Toe vra ek die dokters en verpleegsters om direk met haar te praat, sonder om te ver te gaan. Ons verduidelik wat tydens die bestraling sal gebeur en hoe alles wat ons nou doen, haar sal help om te kan huis toe gaan en 'n normale lewe te lei. Daar lê 'n lang ses weke vir ons voor. Maar wanneer die bestraling begin, sal ons aan die roetine gewoend raak en sal sy beter begin voel.

Die prognose is onveranderd en ons soek steeds 'n wonderwerk, maar vind voorlopig troos in ons besluit om voort te gaan om Elena te laat beter word. Al ervaar ons steeds die woede en hartseer, dwing ons onself om positief te bly. As enige kind die siekte kan klop, is dit Elena.

Dag 9: 7 Desember

Ek reken jy kan dit spyt noem – moontlik berou. Maar sonder 'n gevolgtrekking voel dit eintlik soos geeneen van die twee nie. Toe ek vandag saam met Elena op 'n prosedure wag, sien ek 'n ma en seun oorkant ons sit. Hy

is so 11 jaar oud en duidelik 'n breinkankerpatiënt. Al is hy opgeruimd, het hy al amper elke operasie en prosedure ondergaan waaraan jy kan dink. Hy het sy hare weens aggressiewe chemoterapie verloor. Hy is nou met sy laaste MRB- en bestralingsbehandelings besig. En hy het 'n litteken wat van sy voorkop tot by sy agterkop strek met 'n omleiding onder die vel ingeplant. Maar al het hy die kenmerkende mankheid en gesigverlamming wat dikwels met breinchirurgie gepaardgaan, het hy nog sy persoonlikheid en humorsin.

Is dit hoe my dogter sou gelyk het as ons die biopsie, die operasie en die chemoterapie gekies het? En selfs al het ons die opsie met haar soort gewas gehad, kon die uitslag erger gewees het? Ek skat ek sal nooit weet nie. Maar die vraag bly of ons haar van volkome genesing ontnem het toe ons besluit het om dit as 'n glioom te hanteer pleks daarvan om die biopsie uit te voer.

Ja, die kans is skraal en breinstamchirurgie het amper nooit 'n volmaakte afloop nie. Maar aan die ander kant, watter kans het jy in die eerste plek om dié soort kanker te kry, op die ergste moontlike plek en met een van die ergste gewasse wat daar is?

Ek dink dit kom op die ou end daarop neer om betyds die beste besluit moontlik te neem sodat jy komplikasies kan voorkom wat onvermydelik sou ingetree het as jy eers elke opsie ondersoek en elke toets laat doen het.

Al het sy baie min ingrypende prosedures ondergaan, sukkel Elena al meer om te loop, te praat en haar regterarm te beweeg. Vir die eerste keer kom ek agter sy kan nie meer die soengeluid maak wanneer sy haar lippe teen my wang druk nie. Ek gaan dit die meeste mis. Ten minste is haar gees sterk – en haar vuishoue ook. Op die oomblik wil sy eerder

haar ma as haar pa hê. Pa terg en kielie immers, terwyl Ma vertroetel en versorg. En op die oomblik het sy vertroeteling meer nodig as 'n geterg. Maar ek kry haar steeds af en toe sover om te glimlag, omtrent net so gereeld as wat sy my met haar sterk arm 'n hou gee as sy wil hê ek moet haar uitlos.

Dan sê ek vir haar as sy my wil slaan en skop, sy dit met haar regterkant moet doen – dié is gedeeltelik verlam. Ek meen daar is meer as een benadering tot terapie. Weens die groeiende gewas is haar spraak nou baie beperk en kan jy sien hoe sy bewustelik tel hoeveel keer sy haar kos kou sodat sy nie verstik nie. Ek dink sy is net so bewus van die situasie as ons.

Die verlamming van haar tong en verhemelte maak haar woorde baie moeilik verstaanbaar. Sy raak nou merkbaar gefrustreerd en omdat haar regterhand amper heeltemal verlam is, sukkel sy om haar gedagtes met handgebare te help oordra.

Ek en Brooke probeer haar nou gebaretaal leer vir ingeval sy haar spraak en sig heeltemal verloor. Hopelik sal sy dit nooit hoef te gebruik nie. Maar ons is pynlik bewus daarvan dat dié dalk haar enigste kontak met die buite-wêreld kan wees. Sy ken al die alfabet van A tot E en ook die tekens vir "ma", "pa", "dankie", "boom", "dors", "honger" en "trots". Ons gebruik die teken vir "trots" die meeste deur die dag.

Ek bly vir haar sê dat solank sy vir ons goed probeer verstaan, sal ons dit hard probeer verstaan. So sal ons nooit ophou praat nie.

■ **Teen die einde het Elena in 'n koma verval en sy is op 11 Augustus 2007, dag 256, tuis in haar slaap dood, omring deur haar familie.** □



'n Uittreksel uit *Notes Left Behind*. Herdruk met vergunning van die uitgewer William Morrow, 'n drukkersnaam van HarperCollins. Vir nog inligting oor die Desseriches se nie-winsgewende organisasie gaan na www.notesleftbehind.com.